# DIE GEBRUIK VAN BRONNE IN DIE ONDERRIG VAN GESKIEDENIS IN DIE SEKONDÊRE SKOOL

*A van Straaten BA (Hons) RAU.*

## I. INLEIDING

Geskiedenis is dood. Dit klink na 'n onwaarskynlike uitspraak as in ag geneem word watter groot kennisveld die term "geskiedenis" eintlik impliseer.

Maar as 'n mens kyk na die afname in die getalle van die aantal blanke kinders op skool wat geskiedenis as vak neem is dit duidelik dat geskiedenis vir baie mense nie meer die vormende waarde van vroeër het nie. Daar word beweer dat geskiedenis nie meer 'n plek in die skole se vakkeuse het nie omdat dit geen waarde meer het nie, want dit is nie 'n sogenaamde "brood en botter-vak" nie.

"History is about the past, but education is about the present and is concerned with improving present individuals by appropriate studies. Hence the problem for historians and history teachers is how to demonstrate its relevance to the present in a sufficiently convincing manner to gain the interest of the pupils. . ." Dit is dus die onderwyser se taak om die leerlinge terug te kry in die geskiedenisklas. Dit kan slegs gedoen word deur te wys op die relevansie van geskiedenis vir vandag. En een belangrike metode wat die onderwyser kan gebruik om geskiedenis relevant en terselfdertyd interessant te maak is deur die gebruik van ander bronne as net die skoolhandboek.

In Suid-Afrika is dit ongelukkig so dat die onderwyser wat vernuwing in geskiedenis wil bring, nie veel hulp ontvang nie. Veral die eksterne eksamens van veral die T.O.D. werk glad nie vernuwing in die hand nie. Hoe kan dit ook as die memorandum glad nie voorsiening maak vir die kind se eie standpunt nie en daar net gesoek word na "dryasdust" feite. Hierdie feite is heel dikwels ook onderworpe aan die standpunt van die skrywer van een of ander handboek.

"Ons het die leerstof sover moontlik beperk tot wat vir die eksamendoeleindes vereis word. Tog is daar gevind dat hierdie benadering geensins afbreuk gedoen het aan die ontplooiing van die gebeure nie."[2] Dit is 'n gedeelte uit die voorwoord van die handboek wat in die meeste skole in Transvaal vir die matriekleerlinge gebruik word Joubert gee in hierdie stuk die siening van baie onderwysers: Net dit wat in die eksamen gevra word, word behandel, niks meer nie. Nou kan die vraag met reg gevra word: Wat dan van die kind se vorming? Het geskiedenis nou sy posisie verloor as dié vak wat die kind kan vorm vir sy latere lewe? Het geskiedenis nou net 'n vak geword wat die kind moet vorm vir die matriekeindeksamen? Dit kom op vervorming neer.

"Ons het selfs 'n klompie spotprente ingesluit. Dit is gedoen ten einde die leerlinge 'n bietjie oefening te gee in die vertolking van spotprente, aangesien dit in die toekoms deel kan uitmaak van die korter vrae wat gestel word in 'n eindeksamenvraestel."[3] Weer eens is dit die eksamen wat eers kom. Leer daardie spotprente nie ook vir die kind om 'n spotprent wat hy in vandag se koerante sien te interpreteer nie?

Dit blyk dus dat vernuwing nie net van die onderwysers sal moet kom nie, maar die hele onderwysstruktuur sal moet verander.

Ons gaan nou vervolgens kyk hoe die gebruik van bronne geskiedenis vir die leerlinge interessant kan maak. Daar moet ook bepaal word of die gebruik van bronne enigsens daartoe bydra dat die leerlinge die werk beter begryp. Daar moet ook bepaal word of dit enigsens moontlik is om reeds op skool die leerlinge met die historiese metode vertroud te maak, al is dit op 'n baie vereenvoudigde vlak.

## II. BRONNE

### a. Wat is 'n bron?

'n Bron is enige materiaal waaruit die historikus inligting kan verkry oor die menslike verlede. Anders gestel is 'n bron enigiets wat meehelp tot die rekonstruksie van die historiese verlede. 'n Bron is dus die materiaal waaruit die historikus sy feite kry.

### b. Soort Bronne

Daar bestaan hoofsaaklik twee kategorieë van bronne nl. primêre- en sekondêre bronne. Met primêre bronne word bedoel die oorspronklike dokumente, ooggetuieverslae, koerantberigte, kaarte, briewe.[4] Garvey verdeel die primêre bronne weer in 3 kategorieë nl.:

1. Oorspronklike historiese getuienis. Dit is die bron in sy mees oorspronklike vorm en dit sluit in geskrewe manuskripte (Dagboeke, briewe, outobiografieë, verslae, notules), artikels, geboue, skilderye.
2. Fotografiese reproduksies van die oorspronklike materiaal.
3. Gedrukte materiaal.[5]

Met sekondêre bronne word bedoel daardie bronne waarvoor die skrywer die primêre materiaal gebruik het om 'n nuwe interpretasie van die oorspronklike bron saam te stel, bv. naslaanwerke en biografieë.[6] In die skool word daar meestal met 'n sekondêre bron nl. die handboek gewerk. Wanneer 'n mens wel met die primêre bronne werk is dit meestal fotografiese reproduksies.

Wanneer 'n kind met 'n bron werk, is dit belangrik dat hy weet deur wie dit geskryf of vervaardig is, onder watter omstandighede en vir watter doel. By dokumente is dit ook belangrik dat hy weet met watter intensie die dokument geskryf is en vir wie dit geskryf is.[7]

## III DIE GEBRUIK VAN PRIMÊRE BRONNE IN DIE GESKIEDENISKLAS

### a. Hoekom is die gebruik van bronne noodsaaklik

Die gebruik van primêre bronne het verskeie voordele. Eerstens is daar die voordeel dat atmosfeer geskep word. Die kind leef mee met die bron en hy word dadelik na die tyd van die bron verplaas. Vir die leerlinge is dit baie interessanter as 'n mens vir hulle kan sê: "Hier is 'n beskrywing deur 'n man wat dit alles sien gebeur het."[8]

Deur dokumentestudie kry die leerlinge ook die ondervinding dat hulle besig is met geskiedenis ("doing history")[9] en dat daar nie net bloot 'n storie aan hulle opgedis word nie waarin hulle weinig belang stel. Hier is dus sprake van aksie by die kind en nie net blote passief sit en luister nie. "In general, it is much better for the child to acquire basic information for himself rather than be given it by a teacher."[10] Onderwysers moenie die leerproses in geskiedenis domineer nie. Dit is waarop die tradisionele metode van geskiedenisonderrig neerkom. Dit sal meer geslaagd wees as die onderrig meer kindsentries is en die onderwyser net die leerlinge help om bronne te ontleed en te interpreteer sonder om sy eie idees op die leerlinge

af te dwing. Die kind word dus deur die hantering en analisering van bronne in staat gestel om die feite self te ontdek.[11] Omdat die meeste bronne so naby aan individuele ervaring is en in konkrete taal uitgedruk word, word die kind se verbeelding daardeur gestimuleer.[12]

Nog 'n rede waarom die gebruik van bronne belangrik is, is omdat die kind daardeur ingelei word in die gebruik van die historiese metode. Daar is historici wat aanvoer dat daar nie van leerlinge in die hoërskool verwag kan word om navorsing te doen met die primêre bronne nie. In die natuurwetenskappe word die metode van die vak vir die leerlinge aangeleer. Hoekom is die mens dan so sku om die historiese metode vir die kinders aan te leer? Die idee is nie om klein historici van hulle te maak nie, maar dit is tog die **metode** wat geskiedenis lewendig maak.[13] Die historiese metode is deel van die vormingsaard van geskiedenis. As 'n mens vir die kind die metode leer waarvolgens hy moet interpreteer kan hy sy eie interpretasies van die feite maak. Dit is meer sinvol as om hom die feite of die interpretasie daarvan te gee en hy vergeet dit in elk geval so gou as wat die eksamen verby is. Die leerlinge kan die historiese metode aanleer al is dit ook hoe elementêr. Dit is in elk geval baie sinvol omdat hy dit altyd later weer kan gebruik. Feite wat hy memoriseer kan hy nie meer gebruik nie. "But his mind does move, with assistance and no matter how clumsily, through the process of historical discovery; and by such activity he develops the thinking skills of the historian."[14]

Daar is dus verskeie redes waarom dit noodsaaklik geword het om bronne na die klas te bring. "Leerlinge moet onder die besef gebring word dat die handboek nie die enigste 'bron' van hulle kennis is nie en dat 'geskiedenis' nie 'handboek' is nie."[15] As die onderwysers dit ook net wil besef, sal geskiedenis weer in sy posisie as vormingsvak herstel word en nie in die dilemma wees waarin hy tans is nie.

**b. Vaardighede wat die kind aanleer deur die gebruik van bronne**

"Die gebruik van bronne kan hoogstens illustratiewe waarde hê... ook dat die kind moet besef dat geskiedenishandboeke nie uit die lug gegryp is nie maar op bronne berus."[16] Dit is egter nie al waarde wat bronne vir die kind het nie. Dit is belangrik om aan die leerlinge te wys dat die handboek nie die alfa en omega is nie en dat dit net 'n sekere standpunt is wat uit die bronne gevorm is. Is dit dan nie ook belangrik dat die leerlinge geleer moet word om sy eie mening vanuit die bronne te vorm nie? Hy moet besef dat die handboek slegs een standpunt oor 'n sekere gebeurtenis verteenwoordig. Die vorming van 'n kritiese ingesteldheid by die kind is van groter belang as om al die stof in die handboek deurgewerk te hê aan die einde van die jaar. "But the historian's attitude to his evidence is one of persistent suspicion."[17] Die kind leer dus deur die gebruik van bronne 'n kritiese ingesteldheid aan. Alhoewel dit nog redelik primitief is, is dit 'n beginpunt. Dit leer die kind ook om die bronne te analiseer en tot 'n sintese te kom en net die belangrikste inligting uit die bronne te haal.

Om getuienis te evalueer is 'n belangrike vaardigheid wat die kind in staat stel om ook gebeure van vandag, waarvan hy in die koerante lees, te kan beoordeel.[18] Evaluering, veral van teenstrydige getuienis, is deel van die historiese metode wat die kind sinvol kan gebruik en wat geskiedenis later vir hom relevant sal maak.

Bronnemateriaal kan goed gebruik word om 'n reeks gebeure in te lei, sodat "the pupil draws his own conclusions before being presented with those of the experts."[19] Die kind word dus gedwing om sy eie mening te vorm en dit daarna te **vergelyk** met die van die historici (bv. die handboek). Deur die gebruik van bronne leer die kind dus om te analiseer, te vergelyk, te kontrasteer, getuienis te evalueer en om tot 'n sintese te kom. Die kind leer ook om sy kennis toe te pas.

"There once was a time when it was not history. It was experience... Upon these happenings the historians write their gloss, but the first thing is that they happened, and for us the first thing is that they happen again, in our imaginations. Before we interpret, we experience...";[20] before we judge, we feel."[21] Dit is een van die belangrikste redes vir die gebruik van bronne. Die kind sit nie meer passief in die geskiedenisklas nie. Hy leer iets wat vir hom van blywende betekenis gaan wees. Die gebeure wat in die dokument uiteengesit word neem in sy verbeelding 'n sekere vorm aan. Hy beleef die geskiedenis, hy sit nie en luister na iets wat vir hom geen betekenis het nie. As die leerlinge in die klas 'n sitting van die parlement namaak en weet wat sekere verteenwoordigers op 'n sekere tyd gesê het, is hulle deel van die gebeure, en nie blote buitestaanders nie.

Burston sê ook dat die mens voel voordat hy beoordeel. Die kind moet eers weet onder watter omstandighede het 'n persoon iets gedoen voordat hy sy dade kan beoordeel.

**c. Probleme by die gebruik van bronne**

Eerstens gee min bronne direkte informasie, daarom moet almal eers geïnterpreteer word. Hiervoor gebruik die historikus sy algemene kennis van die tyd waaroor die bron handel. Dit kry hy uit die sekondêre bronne.[22]

In die skool is dit 'n probleem omdat dit dikwels vir die leerlinge moeilik is om sekondêre bronne in die hande te kry, aangesien skoolbiblioteke so swak toegerus is. Die probleem is egter nie onoorkomelik nie want die onderwyser kan agtergrondskennis vooraf aan die leerlinge verskaf.

"To interpret the documents the students had to compare them with knowledge they already had from other sources, to place them in an historical context and to see them as part of an historical development, not merely as classroom exercises."[23] Dit was veral aan die begin van die eksperiment 'n probleem omdat die leerlinge probeer het om die korter vrae oor die dokumente soos 'n Afrikaanse begripstoets te behandel en probeer het om die antwoorde op al hulle vrae in die dokumente te kry, in plaas daarvan om ook hulle eie agtergrondskennis te gebruik.

"How can the hardpressed teacher find time to collect the material needed for even occasional exercises of this kind?"[24] Dit is 'n groot probleem in Suid-Afrika. Die onderwyser het baie administratiewe werk om aan aandag te gee en hy het nie altyd die tyd om te soek na bruikbare bronne nie. Dan is daar ook die gebrek aan boeke met bronneversamelings vir gebruik in die skole. Dit sal baie help as iemand 'n versameling bronne wat die onderwyser kan gebruik in boekvorm uitgee.

Die onderwyser moet ook sorg dat die bronne aanpas by die wordingstand van die leerlinge. Omdat die gebruik van bronne die leerlinge dwing om krities te dink word dit meer sinvol aangewend deur begaafde kinders. Dit het dus die voordeel dat dit 'n goeie manier van differensiasie is tussen minder en meer begaafde leerlinge. Die minder begaafde leerlinge mag egter nie die kans ontneem word om ook die bronne te gebruik nie. Dit is beter om te differensieer deur die gebruik van bronne as om te probeer differensieer deur die gebruik van die handboek.

Die grootste klip in die pad van die gebruik van bronne is natuurlik weer eens onderwysers wat nie bereid is om vir hulleself te veel werk op die hals te haal nie. Ook is daar

onderwysers wat in die huidige onderwysstelsel nie hulle pad deur die vol sillabusse oop sien om nog ekstra werk te doen nie.

## IV. EKSPERIMENT

Die standpunt is ingeneem dat die gebruik van bronne wel vir die leerlinge van waarde sal wees. Om die waarde daarvan te toets is 'n eksperiment gedoen met die St. $7A^1$ klas, van die Hoërskool Willow Crescent in Eldoradopark. Omdat die klas so groot is (33 leerlinge) het ek besluit om 14 leerlinge uit die klas te kies vir die eksperiment en die res van die klas te gebruik vir 'n kontrolegroep. Ek het net een klas gebruik, omdat daar so 'n groot verskil was in die klasgemiddelde van $7A^1$ en $7A^2$. Die resultate sal dus meer korrek wees as al die leerlinge naastenby dieselfde intellektuele vermoëns het.

Ek het die leerlinge gekies volgens die klaslys omdat ek nie een van hulle geken het nie. Die eksperiment is uitgevoer in ongeveer 3 periodes per week vir 4 weke lank.

In die eksperiment het ek hoofsaaklik gekonsentreer op probleemgebiede in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dewey het bv. gesê dat "only when the child realized that there was a problem to be solved would he commence to think, and only by practical experience would he learn."[25] Daarom is die gebruik van bronne soveel meer effektief as die leerlinge dit moet gebruik om 'n probleem op te los. Daar kon ook net op probleemgebiede gekonsentreer word omdat al die werk reeds met die leerlinge afgehandel is. Die volgende temas is gekies:

Tema 1 - Jopie Fourie
Tema 2 - Manie Maritz
Tema 3 - Die Staking (1922)
Tema 4 - Die Vlagkwessie (1925 - 1928)
Tema 5 - Republiekwording.

Daar is 'n paar probleme ondervind met die eksperiment. Eerstens was daar die versameling van bronne. Daar kon bv. nie toegang tot alle bronne verkry word nie. Van sekere koerante mag nie afdrukke gemaak word nie (vir spotprente en foto's) en 'n tema oor Sharpeville is nêrens baie goed toegelig nie. 'n Boek wat uitsluitlik oor Sharpeville verskyn het is tot revolusionêre leesstof verklaar en die publiek het nie langer insae daarin nie.[26] Die temas is dus steeds slegs "Blank-sentries".


Dan was daar ook die probleem dat die st. 7-leerlinge nie ten volle gebruik kan maak van alle bronne nie. Sekere dokumente moes ook vertaal word sodat die leerlinge dit beter kon verstaan en sodoende het dit dikwels van die oorspronklike waarde verloor.

Die skool het ook nie moderne hulpmiddele soos truprojektors en skyfieprojektors nie. Daar is ook nie 'n skoolbiblioteek waarin die leerlinge kon gaan oplees oor 'n sekere onderwerp nie.


## V. RESULTATE EN AFLEIDINGS

Die kontroletoets wat deur die hele klas geskryf is verskyn in die Eksperimentboek. Daar het uiteindelik 31 leerlinge geskryf — 18 van die kontrolegroep en 13 van die eksperimentele groep. Hier volg die histogramme van die uitslae.

**Kontrolegroep**




**Eksperimentele groep**




Uit die histogramme blyk dit dus dat die eksperimentelegroep heelwat beter gevaar het as die kontrolegroep wat die groepsgemiddelde betref. Die kurwes van die histogramme verskil ook merkbaar. Dit is opvallend dat die kurwe van die kontrolegroep onreëlmatig is terwyl dié van die eksperimentgroep 'n volmaakte kurwe het, met 'n reëlmatige verspreiding aan weerskante van die 50 - 60% blok.

Daar is van die leerlinge in die kontrolegroep wat bo verwagting goed gedoen het. Dit laat 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat die gebruik van bronne in die klas beslis 'n doel dien. Veral hoogsbegaafde leerlinge vind dit baie sinvol en hulle is in staat om dit te gebruik al word hulle vir die eerste keer daarmee gekonfronteer. Bronnestudie is dus ook 'n goeie manier van differensiasie in 'n klas waar daar hoogsbegaafde sowel as swakbegaafde leerlinge is.

Ek wil ook die bewering maak dat st. 7 leerlinge wel oor die vemoë beskik om met bronne te werk, al is dit ook net op 'n elementêre vak. Dit is ten minste al 'n begin. Dit is ook die kind se intelligensie, eerder as sy ouderdom wat bepaal hoe abstrak hy kan dink en 'n begaafde kind in st. 7 kan alreeds sy eie gevolgtrekkings maak.

Alhoewel die eksperiment slegs op 'n klein skaal uitgevoer is, dink ek tog dat die leerlinge daarby gebaat het. Ons het dit ook geniet. Ek sê "ons" omdat nie net hulle geleer het wat hulle potensiaal is nie, maar ook ek het nuwe perspektiewe op sekere sake gekry. Ek het hulle probeer leer om nie altyd die onderwyser of die handboek se woord te aanvaar nie. Maar ek het ook geleer dat die onderwyser se antwoord dikwels nie die enigste is nie. Die leerlinge het veral in die spotprente, dinge raakgesien wat ek nie gesien het nie.

## VI. SLOT

"Maar al sou ons ook op skoolvlak oor so 'n bronneboek wat van ons "basiese dokumente" bevat, beskik, dan nog sal ons leerlinge en onderwysers probleme met die benutting daarvon ondervind. Ons leergange is reeds oorlaai, ons skoolgeskiedenisboeke lank, en om nou elke gebeurtenis 'aan die hand van bronne' te belig, sal ons taak bemoeilik. Daarom sal bronne slegs hier en daar ter toeligting gebruik, of tuis bestudeer kan word."[27] As daar nie plek is vir die gebruik van bronne in die geskiedenisklas nie, is daar 'n fout met die sisteem. Daar kan voorgestel word dat sekere temas in meer detail behandel word en dat die dokumente dan gebruik word, nie net om die gebeure "te belig" nie, maar dat daar liewers van die bronne af gewerk word as na die bronne toe gewerk word. Die geskiedenishandboek kan vir 'n verandering tweede viool speel. Die geskiedenisonderwysers kan gerus ook geleer word om nie die leerlinge te onderskat nie, maar om hulle 'n kans te gee om ook hulle eie standpunte te stel.

---

**Voetnotas**

1. W.H. Burston: Handbook for History Teachers, p. 9.
2. C.J. Joubert: *Geskiedenis vir St. 10, Voorwoord.*
3. *Ibid.*
4. *A.N. Boyce: Teaching History in South African Schools*, p. 74.
5. Brain Gravey en Mary Krug: *Models of History Teaching in the Secondary School*, p. 40-41.
6. A.N. Boyce, p. 74.
7. Brain Garvey en Mary Krug: *Models of History Teaching*, p. 40.
8. A.N. Boyce: *Teaching History in South-African Schools*, p. 74.
9. John Fines: *Teaching History*, p. 74.
10. W.H. Burston en C.W. Green: *Handbook for History Teachers*, p. 226.
11. Ibid., p. 3.
12. Brain Garvey en Mary Krug: *Models of History Teaching. . .*, p. 40.
13. W.H. Burston en C.W. Green: *Handbook for History Teachers*, p. 4.
14. *Brain Garvey*, p. 39.
15. F.A. van Jaarsveld: *Probleme by die onderrig van geskiedenis*, p. 117.
16. F.A. van Jaarsveld: *Probleme by die onderrig van geskiedenis*, p. 119.
17. W.H. Burston en C.W. Green: *Handbook for History Teahcers*, p. 207.
18. Ibid., p. 4.
19. Ibid., p. 210.
20. John Fines: *Teaching History*, p. 43.
21. W.H. Burston en C.W. Green: *Handbook for History Teachers*, p. 207.
22. Ibid., p. 5.
23. John Fines: *Teaching History*, p. 73.
24. W.H. Burston en C.W. Green: *Handbook for History Teachers*, p. 207.
25. W.H. Burston en C.W. Green: *Handbook for History Teachers*, P. 4.
26. Reeves, A.: *Shooting at Sharpville.*
27. F.A. van Jaarsveld: *Probleme by die onderrig van geskiedenis*, p. 119.

---


**BRONNELYS:**

Boyce, A.N.: *Teaching History in South African Schools*, Juta, Kaapstad, 1968.

Burston, W.H. en C.W. Green: *Handbook for History Teachers*, Methuen, London, 1972.

Fines, John: *Teaching History*, Holmes McDougall, Edinburg.

Garvey, Brain en Mary Krug: *Models of History Teaching in the Secondary School*, Oxford University, Oxford, 1977.

Joubert, C.J.: *Geskiedenis vir st. 10:* Perskor, Johannesburg, 1974.

Van Jaarsveld, F.A.: *Probleme by die onderrig van Geskiedenis*, van Schaik, Pretoria, 1976.

---

**BRONNELYS VIR TEMAS**

**Jopie Fourie**

De Wet J.M.: *Jopie Fourie*, Voortrekker, Pretoria, geen datum.

The Smuts Papers.

**Manie Maritz**

Maritz, Manie: *My lewe en strewe*. Geen Uitgewer, Pretoria, 1938.

**Staking (1922)**

Die Volkstem: *15 Maart 1922 tot 17 Maart 1922.*

Herd, Norman: *1922, The Revolt on the Rand*, Blue Crane, Johannesburg, 1966.

Humphries, D. (red.): *Benoni, Son of my sorrow, Stadsraad van Benoni*, Kaap en Transvaal Drukkers, 1968.

Stals, E.L.P. (red.): *Afrikaners in die Goudstad, Deel 1 1886 -1924*, Hollandsch Afrikaansche Uitgewers, Kaapstad, 1978.

**Vlagkwessie (1925 - 1928)**

Saker, Henry: *The South African Flag Controversy, 1925 - 1928*, Oxford, Kaapstad, 1980.

**Republiekwording**

Barnard, Fred: *13 Jaar in die skadu van dr. H.F. Verwoerd*, Voortrekker, Johannesburg, 1967.

Boshoff, A.: *Sekretaresse vir die Verwoerds*, Human en Rousseau, Kaapstad, 1974.

Danziger, C.: *Suid-Afrikaanse geskiedenis 1910 - 1970*, Spotprente, Oxford, Kaapstad, 1977.

Hefer, N.F. (red.): *Fotobiografie 1901 - 1966*, Voortrekker, Johannesburg.

Reyner, E.: *International Affairs since 1919.*

Scholtz, G.D.: *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901 - 1966*, Perskor, Johannesburg, 1974.


## HIER IS 'N PAAR VOORBEELDE VAN HOE DIE BRONNE AANGEWEND IS: TEMAS JOPIE FOURIE EN MANIE MARITZ

**Uittreksel 1**

. . .de nobele wijse waarop deze officier z'n krijgsrechters heeft te woord gestaan, geen genade vragende noch verwagtende, en de manmoedigheid, waarmee hij de dood is ingegaan, tekenen wijlen komdt. Josef Fourie als iemand van buitengewoon karakter. En elk onzer zal bejammeren dat 'n burger, die geen bang haar op z'n hoofd had, 't slachtoffer is geworden van overtuigingen en van metode, welke hom gemaakt hadden tot 'n voor onze staatsgemeenschap gevaarlike persoon.

. . .dan blijft nog de grootste fout over welke komdt. Fourie beging, toon hij namelijk, wetende dat die opstand hopeloos mislukt was, z'n overgave deed voorafgaan door 'n volkomen nodeloze opoffering van verscheidenheid kostbare levens van medemensen en mede-burgers.

Vanwege de verdediging is niet aangevoerd — en kon niet worden aangevoerd — dat de allerlaatste taktieken van die beskuldigde te verklaren waren uit overwegingen van militaire noodzaak; want hij moest weten, en hij wist, dat zijn positie onhoudbaar was geworden; en met dit alles voor ogen had komdt. Fourie alle aanspraak op verzachting zijner straf verbeurd, toen hij zijn gevangen-neming deed vergezeld gaan van omstandigheden, welke talrijke huisgezinnen totaal onnodiglik in rouw en kommer hebben gedompeld.

*Die Volkstem, 22 Desember 1914.*

**Uittreksel 2**

"In 1911 is die Verdedigingswet deur genl. Smuts voorgestel, en is in 1912 bekragtig. In die oorspronklike was dit bepaal dat elke burger van die Unie binne die land of oorsee dienspligtig sou wees. Hierdie artikel het 'n groot storm van verontwaardiging onder die Afrikaanssprekendes veroorsaak met die gevolg dat genl. Smuts dit in die tans bestaande bepaling verander het: nl. dat ieder burger ter verdediging van S.A. binne die Unie sou moet dien. Dié wysiging is deur genl. Smuts as volg verklaar: dat die woorde 'ter verdediging van Suid-Afrika', dit onmoontlik maak dat die Verdedigingsmag vir oorloë van die Ryk buite die land gestuur sal kan word; ook het hy die woorde 'en buite die Unie' verduidelik, nl., dat as die aanvaller teruggeslaan is en oor sy grens terugtrek slegs om daar weer tot herstel te kom, dan moet mens die reg hê om hom (die vyand) vervolg.

Uittreksel 3

FOURIE SE REAKSIE NADAT HY GEHOOR HET DAT HY TER DOOD VEROORDEEL IS

"Natuurlik het ek so 'n vonnis nie verwag nie. Genade? Is dit nie opmerklik nie dat ek die seun moes wees wat met die witvlag na Jameson ingery het met sy oorgawe nie? Hy is gevang en vrygelaat, en daarna word hy sir Starr Jameson; maar ek moet sterwe, daartoe veroordeel deur my eie mense wat twaalf jaar gelede saam met my gestry het vir ons land en volk se vryheid."

**Uittreksel 4**

FOURIE EN DIE BURGERMAG

"Toe op kommando, naby Zoutpansdrift, iemand aan Josef vra of hy sy bedanking as ere-offisier van die Unieburgermag ingehandig het, was sy antwoord: 'Waarom? dis nie nodig nie, die Regering sal met ons onderhandel. Dink jy generaal Botha sal op sy eie mense laat skiet? Ons protesteer wel met gewere, maar dis maar die Boer se gewoonte.

. . .En dan verder, ek het nooit iets by my aanstelling as offisier van die burgermag geteken nie, en ek trek as offisier ook geen salaris nie.'

. . .Hierdie dag het Jopie Fourie alle kentekens van sy uniform verwyder. Diegene wat beweer dat Jopie Fourie in sy uniform gevange geneem was, is tegnies verkeerd. Sodra alle kentekens van 'n leeruniform verwyder is, is dit geen uniform meer nie.

**Uittreksel 5**

UITTREKSELS UIT DIE KORRESPONDENSIE VAN SMUTS

"I think you were right to take drastic action in Fourie's case but all I can say is it only shows how courageously determined you are to do what is right at any cost."

*(C.P. Crewe — 22 Desember 1914)*

"Die drama door Fourie gespeeld is vreeslijk. Nu ja hij heeft zijn straf gekregen hij is dood! Maar wat een gevoel laat dat bij ons volk? En toch dit is het eenige wat U kon doen. Maar wat nu met die ander."

*(S.W. Burger — 22 Desember 1914)*

"Before I begin let me again congratulate you on the — I hope — complete termination of the open rebellion and, if I may say so, still more on the firmness shown in your dealing with Fourie."

*(J.X. Merriman — 28 Desember 1914)*

**OPDRAG**

Hierdie tema word as inleiding vir die eksperimente behandel. Aan die leerling word dokumente verskaf waardeur hulle moet bepaal of dit geregverdig was dat Jopie Fourie gefusilleer is, of nie.

**Les 1**

Lees die dokumente saam met die klas. bespreek elkeen telkens in die lig van hulle uiteindelike opdrag. Begin die leerlinge vertroud te maak met belangrike faktore wat by dokumentestudie in ag geneem moet word, soos die datum in die dokument, deur wie is dit geskryf of deur wie gepubliseer en aan wie is dit geskryf.

**Verslag**

Die leerlinge was eers heeltemal oorbluf deur feite soos dat dit belangrik is dat die Volkstem die mondstuk van die regering was in 1914. Geleidelik het hulle verstaan wat ek wil hê as ek vra hoe kan hulle elke dokument gebruik om Jopie Fourie te verdedig of om te bewys dat hy skuldig is.

**Les 2**

Die klas word verdeel in twee groepe: Die seuns moet Smuts se standpunt stel en die dogters moet Jopie Fourie verdedig. Een leerling is die regter. Hy moet op die ou end besluit watter groep het hulle standpunt die beste gestel en dan moet hy besluit of Jopie Fourie gefusilleer gaan word of nie.

**Verslag**

Met hierdie les was dit ek wat oorbluf was deur die leerlinge se reaksie. Hulle het goed van die dokumente gebruik gemaak om hulle standpunte te verdedig. Veral die seuns het goeie argumente gebruik teen Jopie Fourie. Na 'n vurige debat het die regter toe besluit dat die seuns (Smuts) hulle saak die beste gestel het en daar is toe besluit dat Smuts reg opgetree het maar daar is ook besluit dat daar wel versagtende omstandighede was en dat Fourie 'n ligter straf kon kry.

**OVEREENKOMST TUSSEN MARITZ EN DIE GOEVERNEUR VAN DUITS ZUIDWEST-AFRIKA.**

Overeenkomst gemaakt en aagegaan door en tussen de keizerlike Goeverneur van Duits Zuidwest-Afrika, als vertegenwoordiger van zijn geëerbiedigde Majesteit de keizer van Duitsland, en Generaal G.S. Maritz, die namens en ten behoewe van een aantal officieren en manschappen handelt die bereid zijn de onafhankelikheid van Zuid-Afrika te verklaren te weten:-

1. Genoemde Generaal G.S. Maritz heeft de onafhankelikheid van Zuid-Afrika verklaart en de strijd tegen Engeland aangevangen.

2. De Governeur van Duits Zuidwest-Afrika erkent alle Afrikaanse strijdmachten die tegen Engeland optreden als oorlogvoerende machten aan en zal ze, na verdere besprekingen, in de strijd tegen Engeland ondersteunen.

3. Wordt Brits Zuid-Afrika gedeeltelik of als een geheel onafhankelik verklaard zal de Keizerlike Goeverneur van Duits Zuidwest-Afrika alle middelen aanwenden om die

Staat of Staten zo spoedig mogelik door het Duitse Rijk als zondanig erkend te krijgen en ze te laten vallen onder de algemeene vredesluiting.

4. In konsideratie voor zondanige verleende hulp zullen de nieuwgevormde Staat of Staten geen bezwaar maken als het Duitse Rijk Walvisbaai en die Eilanden die tegenover Duits Zuidwest-Afrika liggen in bezit nemen.

5. Met midden van de Oranjerivier zal in de toekomst de grenzen vormen tussen Duits Zuidwest-Afrika en die Kaap-Kolonie.

6. Het Duitse Rijk zal geen bezwaar maken als genoemde Staten Delagoabaai in bezit nemen.

7. Als de opstand op een mislukking uitloopt zuilen de opstandelingen die zich op Duits gebied begeven als Duitse onderdanen aangezien en als zulks behandeld worden.

---

**Vrae:**

1. Wie is die persoon na wie verwys word as "zijn geëerbiedigde Majesteit die Keizer van Duitsland?

*1 — Willem II*

2. Hoekom het Maritz hierdie as die ideale tyd gesien om die onafhanklikheid van Suid-Afrika te verkry?

*1 — Engeland was gewikkel in die Eerste Wêreld oorlog en kon nie sy volle aandag by Suid-Afrika bepaal nie.*

3. Is hy in sy siening deur ander mense gesteun?

*1 — Ja, deur die ander rebelle.*

4. Watter voordeel sou Suid-Afrika uit hierdie ooreenkoms trek?

*2 — As Suid-Afrika sy onafhanklikheid van Brittanje verkry sal Duitsland, Suid-Afrika as onafhanklike staat erken.*

5. Wat sou die posisie van Walvisbaai vandag gewees het, as Duitsland die Eerste Wêreldoorlog gewen het?

*2 — Dit sou Duitse gebied wees.*

6. Hoekom word Delagoabaai so pertinent in die stuk genoem?

*1 — Maritz het nog die ou idee van die ZAR wat 'n uitweg na die see soek, miskien met Transvaal onafhanklik.*

7. Het Maritz die reg gehad om so 'n ooreenkoms met die Goewerneur van Duits Suidwes-Afrika te sluit? Motiveer.

*2 — Nee, hy is net generaal, nie lid van regering.*

*Totaal: 10*